

Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

# Die MobiLex-glossariumprojek

Education • EyezeMfundo • Opvoedkunde • Education • EyezeMfundo • Opvoedkunde




Befonds deur Finlo, Departement van Kuns en Kultuur, en die Universiteit Kapasiteitsontwikkelingsprojek.

https://mobilex.sun.ac.za/

**Projekleier:**
Prof. Michele van der Merwe

**Projekkoördineerder:** Mev. Jana Nel

**Kontakbesonderhede:**
Prof. Michele van der Merwe
(michelevdm@sun.ac.za)

**Kan studente betrokke raak?**
MobiLex is gratis en toeganklik vir almal. Studente kan die toepassing aflaai en dan sonder data / wi-fi gebruik. Studente sal toegang tot 'n handleidingsgids as hulpbron ontvang oor hoe om die MobiLex-toep effektief te gebruik. Vir enige navrae of kommentaar, kontak gerus vir prof. Michele van der Merwe of mev. Jana Nel.

## Programinligting

Die MobiLexprojek is 'n poging om akademiese geletterdheid van voorgraadse studente te verbeter deur vakwoordeskat in 'n student se huistaal, met behulp van tegnologie te verduidelik. Studente kan terme wat hulle moeilik vind om te verstaan, of wat vreemd is, in Afrikaans, Engels of isiXhosa naslaan.

Die glossarium verskaf terme in drie tale, sowel as 'n kort, vakspesifieke definisie in die gebruiker se voorkeurtaal. Hierdie glossarium vul 'n belangrike leemte, aangesien daar tans geen opgedateerde vakwoordeboek vir die onderwys is nie, en dié wat wel bestaan, is reeds verouderd en nie maklik toeganklik nie. Met behulp van 'n glossarium, word 'n ondersteunende meertalige omgewing aan studente gebied en dit is noodsaaklik vir studentesukses. Die MobiLex-glossariumprojek maak van tegnologie gebruik en is gratis beskikbaar op 'n rekenaar asook draagbare toepassings soos selfone en tablette. MobiLex is nie net gemik op studente as gebruikers nie, maar dosente kan dit ook as deel van hulle onderrig en leer integreer om sodoende hul eie onderrig te verryk. Die glossarium kan gebruik word om 'n beter begrip van vakterme en gevolglik vakgebiede te ontwikkel. Nuwe konsepte kan in 'n lesing bekendgestel word sodat 'n netwerk van betekenisse gekonstrueer word om die korrekte terme vir definisies asook die korrekte vertalings van terme te vind.

Daar is tans terme in die MobiLex-glossarium van opvoedkundige vakke soos geskiedenis, wiskunde, natuurwetenskap, geografie, ekonomiese en bestuurswetenskappe, opvoedkundige sielkunde, taalopvoeding, omgewingsopvoeding, geskiedenis en sosiologie van die opvoedkunde asook kurrikulumstudie. Die projek het oor fakulteitsgrense en fakulteite uitgebrei en sluit teologie, lettere en sosiale wetenskappe, ekonomiese en bestuurswetenskappe, natuurwetenskap en ingenieurswese in. Akademici van regoor die Universiteit het tot die ontwikkeling van die MobiLex-glossarium bygedra.